Verwysing: 20211209-8710
Lêerno.: 12/2/8/2
Navrae: J Klaaste-Salmans

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0006/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale

Onderwerp: Lees-om-te-leer-opleiding vir Taalonderwysers van die senior fase (graad 7-9) (Januarie-Maart 2022)

1. Die doel van hierdie minuut is om prinsipale en onderwysers in te lig oor die lees-om-te-leer-kursus vir senior fase-onderwysers gedurende Kwartaal 1 van 2022. Dit is 'n gesamentlike inisiatief van die Direktoraat: Kurrikulum Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) en die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut.

2. Die kursus word afgelê volgens die vereistes wat in die herstelling van die jaarlikse onderrigplanne (JOP) vir 2021-2023 uiteengesit is. Die doel is om die onderrig en assessering van grondliggende taalvaardighede te ondersteun en om onderwysers te ontwikkel in die toepassing van taal deur die hele kurrikulum.

3. Die kursus sal oor sewe sessies binne sewe weke vanaf Januarie tot Maart 2022 gedek word.

4. Die opleiding sal plaasvind via regstreekse virtuele sessies wat deur kundige fasiliteerders gelei sal word. Daar sal van deelnemers verwag word om onafhanklike kursuswerk te voltooi asook om aan aanlyn vasvrawedstryde en pre- en postassesserings deel te neem.

5. Die kursus sal klaskamermetodologie en gesteierde pedagogie toon, wat onderwysers in 'n gemengde benadering tot Taalonderrig in die senior fase-klaskamer sal kan gebruik.

6. Onderwysers word versoek om vir die lees-om-te-leer-kursus via die volgende skakel te registreer: http://197.189.234.194/CTLI.

7. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-12-15